

7 WEKE *met ritmes vir die lewe*

Legkaart

Sewe weke IV: 1 Petrus 4:7-11

God se goeie bende

- In week 1 (spieël) het ons vir mekaar gesê ons raak deel van God se 'goeie' bende wat sy wêreld mooimaak. In die meeste bende-fliks word daar sterk gefokus op die verskillende rolle van elke bendelid. Byna elke bende het 'n getaway driver, 'n dief, 'n alarm-deskundige, ensovoorts. In God se koninkryksbende het ons ook unieke bydraes om te maak en die voorreg om 'n rol te speel in sy heilige komplot. God se plan kan as 'n legkaart voorgestel word. Elkeen van ons verteenwoordig 'n unieke stuk van die legkaart. Soos ons legkaartstukke inmekaar pas, kom die prentjie na vore. As ek egter my legkaartstuk eenkant hou of verwyder, ly ons almal. Niks bederf 'n legkaart soos ontbrekende stukke nie.
- Don Miller begin sy boek *A Million Miles in a Thousand Years* met 'n treffende opmerking: Hy verbeeld homself hy kyk 'n flied oor iemand wie se lewensambisie is om 'n nuwe Volvo te hê. Hy merk op dat 'n flied oor iemand wat 'n nuwe kar wil koop ons nie opgewonde maak nie: *"Nobody cries at the end of a movie about that. But we spend years actually living those stories, and expect our lives to feel meaningful."* Ons leef almal in 'n storie - en stories is soos groot legkaart waar ons aanhoudend soek waar ons legkaartstuk inpas. Die punt is nie dat God se kinders nie in Volvos mag

rondry nie! Maar as die doel van jou lewe is om 'n Volvo te ry, dan is dit natuurlik doelloos en leeg.

- God nooi ons in sy groter storie in waar ons storie sin kry: 'n storie van 'n liefdevolle God wat deur ons liefde vir Hom en mekaar sy wêreld mooi maak. Ons is God se kunstenaars wat kreatief deelneem; ons is in die mooi-maak besigheid! Paulus sê treffend in Ef 2: "God het ons **gemaak...**" afkomstig van die Griekse woord **poiema**: "We join the **poetry** making of God" Tom Smith

Hoe lyk my legkaartstuk?

- God gebruik ons persoonlikheid, passies, stokperdjies, temperament, ervaring en uit dit vorm God 'n lewe gewende legkaartstuk wat sy liefde sigbaar maak. Daar is wonderlike toetse (StrengthsFinder, Myers-Briggs, ens) wat ons help. Meeste van ons het darem 'n goeie idee wie ons is en waarin ons goed is.
- God onderskei nie tussen geestelike en gewone werk nie. *Martin Luther*: Die werk van monnike en priesters verskil nie 'n blou duit in die oë van God van die werk van die arbeider in die land of die vrou wat elke oggend die emmer melk vd stalle af bring nie. Die skoenmaker doen nie sy Christelike plig deur klein kruisies op die skoene te maak nie, maar deur goeie

skoene te maak, omdat God Hom verlustig in goeie vakmanskap.

- Dit gaan egter oor meer as my vaardighede: "*True vocation joins **self** and **service**: the place God calls you to is the place where your **deep** gladness meets the world's **deep** need.*" Frederick Buechner

Woorde en diens maak saak

- 1 Petrus 4:11 is die kern van waaroor dit gaan. Hier praat Petrus van die twee groot bewegings binne 'n geloofsgemeenskap: **woorde** en **diensbaarheid**. Ons gawes word sigbaar deur hoe ons praat en dien: "As iemand praat moet dit God se *woorde* wees..." Dit gaan nie hier soseer oor preek nie maar ons alledaagse gebruik van woorde.
- Gawes is die boumateriaal in God se koninkryk. God gee wat nodig is, asook die instruksieboek: ons gawes is nie vertoonvensters om te wys oor watter wonderlike vermoëns ons beskik nie. Ons woorde en diens moet ander se geloof versterk en die soeklig op God laat val.
- Ons 'ontdek' ons gawes in diensbaarheid aan mekaar; nie in isolasie of vraelyste nie, maar openheid waar ons ruimte maak vir ander om ook hul plek binne die legkaart te vind.
- 1 Petrus 4:11 - die instruksies is belangriker as die gawe. God is in die geskenke uitdeel besigheid, maar nie soos Kersvader nie! Dit is tot voordeel van almal. Hy *self* is die geskenk.

Meer as 'n bumper sticker

- Ons gawes bring God se shalom(Hebreeus): heelheid, herstel en volheid - om kreatief deel te neem vir die welstand/shalom van almal. Dan raak ons kollektiewe legkaartstukke 'n prentjie van God se genade
- Soos Tom Smith sê: Een van die belangrikste vrae wat ons gedurig moet vra is: Wie gaan ons gemeente mis as ons nie meer hier is nie? En ons moet dit vra vir skole, winkeleienaars, besighede, polisie, hospitale en munisipaliteit. Hoor my reg: Dit is nie 'n vraag om ons skuldig te laat voel nie! Dit is 'n **uitnodiging** om al meer 'n geskenk te raak op ons dorp... Hoe **puzzle** ons Stellenbosch? Hoe raak my unieke gawe diensbaar saam met ander? Watter soort geskenk is ons vir Stellenbosch? Mag dit wees soos hierdie getuienis oor die vroeë kerk: "Wat die siel is vir die liggaam, is wat Christene is vir die wêreld..."

Kom in pas met hierdie Ritme:

- Niemand is per ongeluk oorgeslaan met die gawe van liefde nie. En geen mens het 'n weerstand teen liefde nie! Hoe raak jou liefde sigbaar in diens aan ander?
- Bid hierdie week elke oggend: "Jesus, stuur vandag iemand oor my pad wie ek kan dien"
- Hoe raak my unieke bydrae God se geskenk vir die wêreld?



